1776 oor gekla het en miskien ook hulle uitslae en dan pas jy dit aan. Maar dis (cell phone rang)
1777 wat ... dis die moeilike gedeelte. Om regtig effektiewe praktiese aktiwiteite, veral met jou
1778 Edulink te ontwerp, soos jou discussions, jou chatrooms, daai tipe van goed is nie maklik
1779 nie.

1780
1781 A: So, net om bietjie uit te brei oor die kompleksiteit daarvan, sou jy sê dat die
1782 versoening tussen instructional design theory and the application thereof, of the theory, is
1783 complex? Are theory and practice aligned?

1784
1785 C: Al die dissiplines kom bymekaar uit, want selfs as jy 'n discussion ontwerp, dan
1786 moet jy onthou van jou leervoorkeure. Jy moet dit altyd in ag neem. Een ou hou nie
1787 daarvan om in 'n groep te gesels nie. Hy gaan net 'n lurker wees, hy gaan net kyk.
1788 Hoekom? Party ouens se taal is nie goed genoeg nie. Hy is bang hy maak spelfoute. Party
1789 kan nie vinnig genoeg tik nie met die chatrooms. So, dis als goed wat jy altyd in ag moet
1790 neem, dis als teoretiese beginsels wat jy moet intrek in een aktiwiteit wat jy moet ontwerp.
1791 So al hierdie goeters gaan terug na wat nie werk nie, wat verkeerd is uit die teorie wat jy
1792 moet onthou en jy moet voorsiening maak vir daai ouens wat nie, wat soos ek sê wat ... wat
1793 lieverste alleen wil werk. Ouens wat wat ... hmm leiding wil neem. Jy moet vir hulle iewers
1794 'n plek gee. Al daai goed veroorsaak dat jou aktiwiteite of suksesvol is of glad nie. Dis als
1795 teoretiese goeters wat jy van iewers af of van sekere pedagogiek af of van daai teorie af
1796 intrek. Soos ek sê, op die einde van die dag vervaag die terme, want jy werk nie elke dag
1797 daarmee nie, maar jy weet wat is verkeerd. Dis later so ingebore en jy is al deur soveel
1798 onderwys dan weet jy wat is verkeerd. En jy onthou daar is sekere goeters soos ...
1799 leervoorkeure. Ek kan nie vir jou elke een uitspel nie, maar ek onthou daar's 'n ding soos

- 1800 leervoorkeure. En daar's 'n ou wat holisties leer en 'n ou wat analities leer. Jy onthou dit en
1801 jy bring dit in. Jy sorg dat jy inhoudsopgawes in jou instruksies ontwerp het, want ouens wat
1802 holisties leer, kan nie sonder inhoudsopgawes werk nie. So, ek weet nie uit watter teorie dit
1803 kom nie, maar daar is sulke dinge en al die tyd neem jy dit in ag. So, ja, hierdie goeters is
1804 ... jou teorie, is lateraan so deel van jou en ... hmm ... dit kom na vore in jou werk. Anders
1805 kan jy dit nie doen nie. Jy kan nie 'n behoorlike instruksionele ontwerper wees as jy nie die
1806 teoretiese onderleg het nie. Soos ek sê, want jy onthou, dis lateraan so in jou jy weet wat
1807 nie werk nie en jy weet wat jy moet in ag neem om te ontwerp.
1808
- 1809 A: In line of our discussion now would you then say that there is no logic path in
1810 making instructional design decisions?
1811
- 1812 C: Hoe bedoel jy nou? Daar's geen logiese pad nie? Bedoel jy dis sekere stappe wat
1813 vasgestel is?
1814
- 1815 A: Or you can put it the other way: There is a logic path and you have integrated
1816 instructional design theory in such a way with your personal teaching and learning view that
1817 you design decisions become automatic. Now, would you say that there is still a logic path
1818 that you would follow ... or
1819
- 1820 C: Ja, dis waar die ADDIE-model inkom. Jou model waarvolgens jy ontwerp, het 'n
1821 beginpunt en 'n einde. Daar is sekere stappe wat ... gaan saam met die analisefase en dit
1822 gee vir jou struktuur. So, jy kan nie behoorlik ontwerp as jy nie volgens 'n model werk nie.
1823
- 1824 A: Ja.
1825
- 1826 C: Jy moet 'n analise doen van die groep met wie jy werk. Dis die eerste stap van jou
1827 ADDIE-model. So, dit gee vir jou struktuur. Beantwoord dit jou vraag?
1828
- 1829 A: Ek wil net gou bevestig. Jy sê die gevestigde leerteorieë, soos die verwysing na die
1830 ADDIE-model, gee tog struktuur (interrupted) ...
1831
- 1832 C: Jy moet onthou die ADDIE-model is nie 'n leerteorie nie, dis stappe waarvolgens jy
1833 werk. So, dit gee vir jou stapsgewys jou prosedure. Die ADDIE-model spel vir jou 'n
1834 prosedure uit. As jy byvoorbeeld analise doen, dan moet jy weet hoekom jy analise doen,
1835 hoekom moet jy weet wat jou intreevlak van vaardighede is. Dit vorm deel van jou teorie.
1836 Hoekom moet jy weet, is hulle rekenaarvaardig of nie? Hoekom moet jy weet ... hmm ...

1837 hmm ... waarmee hulle gaan sukkel. Hmm ... hmm ... hoekom moet jy weet of dit wit of
1838 swart studente mans of dames is. Hoekom moet jy daai goed weet? Want dit is jou
1839 analisefase en dit sluit aan by jou teorie. Omdat (klem) daar meer dames is omdat (klem)
1840 hulle sê nou maar 50+ is, en terugkom vir nagraads moet jy weet hulle gaan
1841 rekenaarprobleme ... gaan nie noodwendig rekenaarvaardig wees nie en dan skop die
1842 teorie in. Hoe maak jy voorsiening vir hulle? Hoe maak jy hulle vaardig? Hoe leer jy hulle?
1843 Wat gaan jy doen om te voorkom dat hulle die aktiwiteite op die einde van die dag nie kan
1844 doen nie omdat hulle gefrustreerd en geïrriteerd is omdat hulle nie rekenaarvaardig is nie.
1845 En ... hmm ... ook ... die ouer mense, gaan hulle bereid wees om in groepe discussions te
1846 doen, want hulle is nie gewoond daaraan nie. Daar trek jy weer die teorieë in, maar die
1847 model gee vir jou die struktuur en die stappe.

1848

1849 A: This model, or guidelines if you wish, how does that influence your personal
1850 teaching and learning philosophy?

1851

1852 C: Dis net 'n struktuur. Dit beïnvloed my net omdat ek daarvolgens werk. Dit
1853 beïnvloed net my manier van werk, want sekere dinge moet eerste gebeur en as dit nie
1854 gebeur nie, kry jy pakslae. So, jy maak eenkeer die fout om nie analise te doen nie, en jy
1855 sal dit nooit weer doen nie. Dit hang saam met jou persoonlike manier van dinge doen,
1856 want jy het nou eenmaal die fout gemaak om nie 'n behoorlike analise te doen nie en jy het
1857 pakslae gekry. So dan word dit deel van my. Volgende keer gaan ek nie vergeet om nie 'n
1858 analise te doen nie. Die teorie sê jy moet analise doen en nou het ek op my eie broek
1859 gevoel dis 'n groot fout as jy nie analise doen nie. En jy kan groot probleme optel, veral met
1860 groot kursusse. As jy op die einde van die dag agterkom daar's eerstejaar studente en
1861 daar's vierdejaar studente wat dieselfde vak doen, daar's voltydse studente hier, daar's
1862 studente in die Kaap en jy het nie voorsiening gemaak daarvoor nie. Nie met jou aktiwiteite
1863 nie, nie met jou dit nie, nie met dat nie. So jy maak eenkeer daai fout wat die teorie vir jou
1864 gesê het. So, teorie is altyd die basis. (Cell phone rang: interruption). So, ja. Die teorie lei
1865 jou. Verseker. En elke keer as jy dink, ag, dis nie regtig nodig nie, kom jy agter hoekom
1866 teorie nodig is. Daar's 'n rede hoekom die analisefase daar is. Daar is 'n rede hoekom daar
1867 refleksie is. Daar is 'n rede hoekom teorie daar is. Dis dinge wat nagevors is. So, jy kan
1868 jou eie inisiatief en dinge gee en ... maar op die einde van die dag moet jy teruggaan teorie
1869 toe, want sonder dit gaan jy ... moet jy die wiel van vooraf uitvind. As jy 'n fout gemaak het,
1870 kom jy agter hoekom jy dit moes gedoen het.

1871

1872 A: And now just to continue along this line. If you think about, say all the theoretical
1873 principles, generally, do you ...

- 1874 C: Praat jy nou van konstruktivisme, behaviorisme en kognitivisme?
1875
- 1876 A: Yes, the whole spectrum; when it comes to the application of learning theories, do
1877 you find that what you do is easily aligned with the theory or do you sometimes experience
1878 conflict. How do you experience this?
1879
- 1880 C: Nee, maar OK. Nee, maar onthou nou net. Ek vat verskillende leerteorieë en dan
1881 gaan kyk ek waarmee ek saamstem. Neem byvoorbeeld behaviorisme. Hulle het baie
1882 goeie beginsels soos jou driltegnieke wat baie belangrik is. Leer kan nie plaasvind sonder
1883 driltegnieke nie. So dan besluit ek dis spesifiek iets waarmee ek aanklank vind. Daan gaan
1884 jy weer na jou konstruktivisme toe. Hulle moet hulle eie goed kan skep en nadat hulle
1885 geleer het, moet hulle daai kennis gaan toepas. Dan gebruik ek weer daai gedeelte. So, ek
1886 besluit in elke leerteorie is daar sekere beginsels wat ek gebruik, wat ek weet werk, wat ek
1887 persoonlik mee saamstem, wat ek resultate gesien het. Daarom stem ek saam. Met ander
1888 woorde dis nie net waarvan ek hou nie. Want ek het my persoonlike leervoorkeure, maar
1889 dis nie noodwendig die studente s'n nie. Met ander woorde ek moet altyd voorsiening maak
1890 vir die hele spektrum. Maar ek het gesien wat werk in my klas toe ek skool gegee het. Ook
1891 hier, by die dosente kry ons terugvoer. Ek sien by hulle wat werk en daarom is daar nie een
1892 leerteorie met wie ek aligned is, met wie ek in konflik gaan wees nie, want ek neem wat ek
1893 voel werk, want gewoonlik wil jy resultate sien en nie net waarvan ek hou nie, maar wat ek
1894 weet moet gebeur. So, jy moet 'n kombinasie doen. Daar is nie net een leerteorie wat
1895 perfek is nie — dis omtrent onmoontlik. So, jy moet gaan en die beste uitneem. As jy
1896 byvoorbeeld nou drilaktiwiteite inbring, dan moet jy weet daar's 'n plek daarvoor. Op enige
1897 gegewe stadium iewers moet daar drill inkom, selfs vir meestersgradstudente. Daar's iets
1898 wat hulle moet internaliseer. Daar's iets wat moet deel van hulle word en hulle kan dit nie
1899 doen as hulle dit nie oor en oor doen nie. Dis behavioristies. Maar jou kursus is nie net
1900 behavioristies nie. Daar's ook iets van konstruktivisme wanneer hulle iets moet skep. En so
1901 gaan jy aan en so gaan jy aan. So, daar's nie rêrig konflik nie. Dis net dat ek voel ... Soos
1902 uitkomsgebaseerde onderrig dink ek byvoorbeeld is ongelooflike goeie beginsels. Dis net
1903 die beginsels wat bittermin dosente verstaan en wat onderwysers verstaan. So dis 'n
1904 beginsel waarmee ek heeltemal kan identifiseer. En as 'n geheel kan ek sy waarde insien.
1905 Ek stem saam met die opvoedkundige waarde daarvan. As 'n reël ervaar ek geen konflik
1906 met uitkomsgebaseerde onderrig nie. Maar dis omdat ek hom beter verstaan as die res van
1907 die gemiddelde dosent of onderwyser. So, dis soveel dissiplines wat bymekaar uitkom. Dis
1908 'n mind blowing storie. Dis 'n verskriklike komplekse storie. So, ja. Dis nie 'n klinklare ... ek
1909 is nie in konflik met enige iets nie. Die breë raamwerk van uitkomsgebaseerde onderrig is

- 1910 ek heeltemal happy mee. Ek kan heeltemal die waarde daarvan insien. Verder gaan haal
1911 ek net uit die teorie uit wat ek weet wat werk.
1912
- 1913 A: OK. You have also now touched on ... From the theoretical perspective you have
1914 moved to a national imperative. You know, the National Qualifications Framework (NQF)
1915 which is part of SAQA which is legislation. And you feel you can align this with your
1916 personal teaching and learning philosophy?
1917
- 1918 C: Ja, maar dis gebaseer op uitkomsgebaseerde onderwys, met ander woorde die
1919 goed moet kan oorgedra word van een dissipline na 'n ander waar waarneembare uitkomst
1920 gesien moet word. OBE is die teorie. Die, die ... SAQA is die toepassing van die teorie; dit
1921 kom van die teorie. So, ja. Die twee is aligned. Maar die beginsels ... die teoretiese
1922 beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys, is 'n sound ene. Of dit altyd noodwendig so
1923 gedoen word, kan ek jou nie sê nie. Maar die beginsels, die teoretiese beginsels van
1924 uitkomsgebaseerde onderwys is sound. So, die toepassing, wat nie teorie is nie, wat
1925 legislation is, mag dalk nie so sound wees nie. Maar die teorie van uitkomsgebaseerde
1926 onderwys ... daarmee het ek geen beginselprobleme nie.
1927
- 1928 A: So you would say that it is scientifically based?
1929
- 1930 C: Ja, opvoedkundig is daar baie waarde aan uitkomsgebaseerde onderwys. Ek sê
1931 nie dis die enigste manier nie, maar daai beginsels, die teorie daaragter, is sound.
1932
- 1933 A: OK. I just want to make quite sure that I understand you correctly. Talking about
1934 yourself, not in general, you can easily align your personal teaching and learning philosophy
1935 with something like NQF and SAQA?
1936
- 1937 C: O, ja. Al hierdie goeters vorm 'n raamwerk. Dit gee vir jou leiding. Dit gee vir jou
1938 ... hmm ... jou scope, want jy moet binne daai scope werk. En dan daarbinne begin jy
1939 teorieë uit te werk.
1940
- 1941 A: So the alignment ...
1942
- 1943 C: Ja, dit moet, want as dit nie, dan werk jy nie reg nie.
1944
- 1945 A: Whilst talking about external influences, or things, that I presume could influence
1946 your personal teaching and learning philosophy may it be an institutional policy? Maybe ...

Appendix D
Interviews with participants

- 1947 C: Ja, nee. Al daai goeters moet dit beïnvloed. OBE is deel van die opvoedkundige
1948 beginsel. Dis hoekom ons uitkomsgebaseerde onderwys aanbied: die staat het so gesê.
1949 Dan kom jy by ons sentrum wat sê ons doen multimodale onderrig. Multimodale onderrig is
1950 nie 'n aanvaarde, bekende algemene gebruikte term nie. Dis 'n term wat hier geskep is en
1951 uniek is aan hierdie sentrum en ek moet volgens daai werk anders is ek uit lyn uit. So, al
1952 hierdie goeters is prosedures wat vir jou leiding gee hoe jy moet werk. Tuks het 'n
1953 heeltemal ander beginsel. Hulle noem hulle s'n telematiese onderwys. Hulle doen dit nie
1954 soos ons dit doen nie. Met ander woorde, as ek by RAU werk, dan is dit hoe ek my werk
1955 moet doen. As ek by Tukkies werk, doen ek dit volgens hulle. Jy moet volgens dit werk. Jy
1956 kan nie buite dit beweeg nie, maar dis nie jou teorie nie. Dis plain prosedures. Dis plain
1957 hoe ons dit doen. Ons gaan ons ADDIE-model so aanpas. En ... op die einde van die dag
1958 doen almal dieselfde. Dit het niks met die teorie te doen nie. Dit het met jou instansie te
1959 doen. Dit is prosedures.
- 1960
- 1961 A: Also then, if you consider an institutional policy or procedure or rule, if you want to
1962 call it that, it does influence your personal view on teaching and learning?
- 1963
- 1964 C: Ja, natuurlik sal dit dit beïnvloed. Want op die einde van die dag doen jy dinge wat
1965 anders is as by ander plekke en as jy nie noodwendig daarmee saamstem nie, gaan jy
1966 probleme hê, maar dan is jy in die posisie om 'n bydrae te lewer. En te sê, maar luister, ek
1967 is nie heeltemal tevrede met hierdie nie. Kom ons pas dit aan en so kan jy weer jou
1968 sentrum se policy of prosedures beïnvloed. So, daar's geen manier dat jy 'n sitting duck is
1969 nie. Jy's altyd in beheer van die situasie en ... jy kan altyd 'n aanpassing maak onder die
1970 globale sambreel. Jy sal dit nie van bo-af kan verander nie, maar jy sal tog die toepassing
1971 daarvan kan verander sou dit nodig wees.
- 1972
- 1973 A: So, from this then I gather that your personal view on teaching and learning is not
1974 fixed. It would change according to the context in which you work, be it the policies that
1975 might influence ...
- 1976
- 1977 C: Nee, nee, nee. Dit twee is nie mengbaar nie. My persoonlike views het niks met
1978 teorie te doen nie. Met ander woorde multi-modale onderrig het niks met teorie te doen nie.
1979 Hoe ek dit gaan doen nie. Gaan ek kognitivisties werk? Gaan ek behavioristies werk? Dit
1980 het niks daarmee te doen nie. Dis besides the point. Dis net 'n prosedure. Die ADDIE-
1981 model is 'n prosedure. Dis nie my persoonlike siening nie. Dis 'n prosedure.
- 1982

Appendix D
Interviews with participants

- 1983 A: Yes, I understand that, but what I am trying to find out is whether those outside
1984 influences, the external influences, be it a lecturer that you work with or a policy, or maybe
1985 the legislation that we spoke about, do they influence your personal view on ...
1986
- 1987 C: Ja, verseker. Altyd. 'n Mens moet tog altyd verander. So, jy kan nooit sê ek het
1988 nou so hard gewerk, ek het nou so hard geleer, ek weet alles nie. Elke artikel wat jy lees,
1989 gaan jou view verander; elke siminaar wat jy bywoon, elke konferensie wat jy bywoon; elke
1990 keer as jy met iemand praat; elke keer as jy terugvoer kry van 'n dosent af, 'n student af,
1991 moet jy aanpas. Jy kan nooit sê dis fixed nie. Gedurig moet jy besig wees met verandering.
1992 Dis die hele dinamiese proses. Nee, jy kan nooit fixed wees nie. Daar gaan altyd dinge,
1993 hetsy 'n artikel, hetsy terugvoer, hetsy 'n konferensie, hetsy 'n persoonlike gesprek met
1994 iemand, daar's altyd iets wat jou ... wat gaan veroorsaak dat jy iets op 'n anders manier
1995 gaan doen om dit aan te pas en beter te maak. Dis 'n deurlopende proses.
1996
- 1997 A: OK. You say that your personal view, your personal philosophy on teaching and
1998 learning is shaped by external influences of various kinds which makes that you
1999 continuously adapt and change your personal teaching and learning philosophy?
2000
- 2001 C: Ja, ja.
2002
- 2003 A: Now we have spoken about policies and legislation that could influence your
2004 personal teaching and learning philosophy. Can you tell me about your communication with
2005 lecturers and perhaps the team assisting you in getting the learning guide or ... (interrupted)
2006
- 2007 C: Hoe bring jy die twee bymekaar? Kommunikasie en legislation?
2008
- 2009 A: It is just another influence that ... (interrupted)
2010
- 2011 C: Bedoel jy dat legislation gaan veroorsaak dat ek op 'n ander manier kommunikeer?
2012
- 2013 A: No.
2014
- 2015 C: Sê bietjie weer.
2016
- 2017 A: What, I mean is this: we have legislation and policies and institutional procedures,
2018 external factors, which have an influence on the way that you adapt and change your
2019 personal teaching and learning philosophy. Now in the same way I would just like to find out

2020 whether there are, for example, conversations with lecturers or team members that would
2021 assist you in putting your course on the web or in print (interrupted)....
2022
2023 C: Ek verstaan glad nie wat jy probeer vra nie.
2024
2025 A: Do other people also influence your personal view on teaching and learning?
2026
2027 C: Ja (cell phone rang; interruption).
2028
2029 A: What I am asking is: Do other people also influence your personal teaching and
2030 learning philosophy as policies ... (interrupted)
2031
2032 C: Ja, nee. Soos ek netnou mos gesê het. Enige artikel wat jy lees, hmm...
2033 persoonlike gesprekke met mense wat saam met my werk, met dosente — alles beïnvloed
2034 dit die hele tyd ... en pas dit aan. Maar nie radikale aanpassings nie. Met ander woorde dis
2035 nie nou dat ek gaan afwyk van uitkomsgebaseerde onderwys nie omdat iemand gesê het
2036 iets anders is ouliker nie. Daar is goeters wat vas is, maar jou interpretasie daarvan word
2037 tog gevorm deur ander mense en artikels wat jy lees en goed wat jy bywoon. Ja, dit word
2038 gevorm, maar sekere goed is vas. Jy kan dit nie verander nie.
2039
2040 A: Based on this, if you work with a team, I do not know what you call them, but we can
2041 refer to them as the production team, that would help you to prepare either a guide or the
2042 Web environment for a course, would you say that you would take the lead in that team
2043 regarding the educational principles? Or how does it work?
2044
2045 C: In die eerste plek werk ons nie in 'n team nie. As ek my gids ontwerp, is dit net ek
2046 en die dosent. Ja, dis deel van die team, maar ek neem die leiding ten opsigte van die
2047 ontwerp van die gids. Hulle verskaf die teorie, dis die content, en hy is die subject matter
2048 expert. Maar ja, daar neem ek die leiding. Dieselfde met die ontwerp van die CD. Daar
2049 neem ek die leiding en dan gee ek my story boards oor aan die instruksionele ontwikkelaar.
2050 Daar neem ek die leiding as ons dit — moet oorklankings doen ... Die span, as jy dit so wil
2051 beskou, is ek en die instruksionele ontwikkelaar, die dosent wat deel van my span is, maar
2052 partykeer neem die dosent die leiding. Hulle sal sê, nee, ek wil dit nie so hê nie. Maar in
2053 beginsel neem die ontwerper die leiding en die dosent wat sê ek stem nie hiermee saam nie
2054 of ek stem saam. Maar ja, jy neem die leiding. Ons werk nie in 'n span teen met
2055 mekaar nie — dis nou die ontwerpers. Die span is die ontwikkelaars, die vertalers, die
2056 kwaliteitsmense. Ja.

2057 A: Does it, in situations like that, does it sometimes become necessary to explain an
2058 instructional decision that you suggested?

2059

2060 C: Ja, 'n mens moet altyd verduidelik.

2061

2062 A: Do you do that from a mixture from your personal view on teaching and learning as
2063 well as instructional design theory? Or is it so integrated that it becomes difficult to say
2064 which is which?

2065

2066 C: Jy het jou basiese goeters in uitkomsgebaseerde onderwys, met ander woorde wat
2067 legislation is. Daarom gaan jy sê in OBE moet ons ten minste hierdie aktiwiteite so aanpas.
2068 Dis die basis. Dan kom jou ander goeters in. Ons moet voorsiening maak vir jou holistiese
2069 en analitiese leerders. Daarom doen ons dit. Dan kom jy by jou leervoorkeure. Jy moet
2070 voorsiening maak vir mense wat nie in groepe wil werk nie, vir mense wat teoreties ingestel
2071 is. Jy moet voorsiening maak vir jou linkerbrein en jou regterbrein. Al daai goed noem jy
2072 nie so vir hulle nie. Jy het dit in jou agterkop en as jy vir hulle verduidelik dan moet jy vir
2073 hulle sê jou aktiwiteit is nie op 'n goed genoeg vlak nie. Jy het nie genoeg, byvoorbeeld
2074 soos jou ... wat is dit ... jou vlakke van jou werkwoorde ... hmm ...

2075

2076 A: Are you perhaps talking about Bloom's taxonomy?

2077

2078 C: Ja, Bloom se taksonomie. As jy byvoorbeeld aan die einde van 'n termyn is, moet jy
2079 seker maak dat dit die beoogde vlakke is. As dit die einde van 'n unit of module is of as dit
2080 aan die begin vir eerstejaars is, dan bly jy op die eerste twee vlakke. So, dis al daai goeters
2081 wat jy vir die dosent moet sê ... Hmm hoor hier, al jou aktiwiteite, al jou uitkomstes is op die
2082 eerste twee levels, kom ons pas dit aan. En dit het als te doen met jou instruksionele
2083 strategie wat jy aanvanklik beplan het. En jy trek al daai goeters in. Jy kan nie altyd als
2084 onthou nie. Daarom sal geen aktiwiteit ooit perfek wees nie. Jy kan twintigduisend keer kan
2085 verander, en hy gaan elke keer anderste wees. Maar in beginsel, moet jy soveel as
2086 moontlik van die teoretiese goeters onthou soos Bloom se vlakke byvoorbeeld, soos
2087 leervoorkeure... soos jou dit, soos jou dat. Ja, en dan sal jy hulle leiding gee en sê, kom
2088 ons pas hierdie aktiwiteite aan, ons bring multi-modaliteit ook in. So, kom ons verander
2089 hierdie een en maak hom 'n discussion, kom ons verander hierdie een en ... hmm ... maak
2090 hom 'n aktiwiteit vir die CD. Met ander woorde jy gebruik hul basiese aktiwiteite wat
2091 beskikbaar is. En dit kom in die analisefase. Jy vra vir hulle waarmee sukkel hul studente
2092 die meeste. Hmm ... wat wil jy doen, maar het nooit voor tyd nie. Wat is 'n baie belangrike
2093 basis van jou kursus? Watter begin ... teoretiese beginsels moet die studente onder die

2094 knie kry en jy voel hulle jaar na jaar mee sukkel. Daai tipe goeters trek jy in en maak seker
2095 dat dit eerste aangespreek word. So dit begin nou weer by jou model van jou analise. So
2096 doen jy analise van die kursus ook en dit gaan oor in deel van jou stappe. Dan gaan dit oor
2097 in, OK hier is jou aktiwiteit, kom ons verander hom so en so dat dit meer voordele het vir die
2098 studente.

2099

2100 A: So, although you don't use strict instructional design theory terminology, you could
2101 quite comfortably trace your design decisions back to established learning principles?

2102

2103 C: O, ja, verseker.

2104

2105 A: And that is part of your personal teaching and learning philosophy?

2106

2107 C: Ja.

2108

2109 A: So, to come back to what we have spoken about earlier, the alignment between the
2110 way that you use theory and your day-to-day application thereof is quite natural. There is no
2111 hick ups where you would feel that: Oeg, no. I find it difficult to apply theory in this situation;
2112 I would rather just ignore theory.

2113

2114 C: Nee, dan doen jy nie jou werk nie. Hoekom het jy dan gaan studeer?

2115

2116 A: OK. The other thing that I want to ask about is, if you think of some of the
2117 constructivist theorists... they would say one can only learn within a social context.. Has
2118 that any influence on your personal teaching and learning philosophy?

2119

2120 C: Ja, verseker. Daar moet sosiale kontak wees en dis 'n ding wat ek baie by die
2121 dosente ... sal attent maak op. Hulle daaraan herinner dat studente baie by mekaar leer net
2122 soveel as wat hulle by dosente leer en partykeer meer. Daarom bring jy discussions in.
2123 Daarom bring jy groepwerk in. Maar dit sluit weer aan by jou OBE. OBE is 'n voorstander
2124 van jou groepwerk. Dan kom jou teorie uit. Wat's jou regte manier of beter manier om
2125 groepwerk saam te stel? Enige groepwerk is nie noodwendig suksesvol nie. En daar is
2126 sekere beginsels wat jy studente moet leer hoe om groepwerk te doen anders is die
2127 groepwerk nie suksesvol nie. As die groep nie reg saamgestel is nie, dan kom die
2128 teoretiese goeters in van ... hmm ... so stel 'n mens 'n goeie groep saam. So evalueer 'n
2129 mens groepwerk. Dit werk. Dit werk nie. Of ja, motivering. Hoekom hulle gemotiveerd sal
2130 wees om aan 'n groep deel te neem. Dis als 'n kuns. Op die einde van die dag is dit 'n

2131 kuns, want enige groepwerk is nie noodwendig suksesvol nie. En as jy sekere dinge nie
2132 doen nie, gaan dit nie suksesvol wees nie. En daar help ek my dosente baie, want as hulle
2133 dit nie weet nie, moet ek dit vir hulle sê. By die Opvoedkunde fakulteit is hulle op standaard,
2134 maar by die Verpleegkunde fakulteit moet ek weer baie meer leiding gee hoekom ek
2135 groepwerk inbring en hoekom ek hulle baie herinner ons het nog nie groepwerk ingebring
2136 hierdie termyn nie of in hierdie eenheid nie. Dan is dit weer daai vraag. Waarmee sukkel
2137 jou studente? Wat moet hulle internaliseer? As hulle nie teoretiese onderleg het nie, op
2138 watter stadium gaan jy hulle kans gee om daaroor te praat? Of te redeneer? Want dis op
2139 'n baie meer kognitiewe vlak as om net 'n toets te skryf of 'n taak. Om te praat, is baie
2140 moeiliker. Discussions nogal kan ek gaan kyk na die teorie en volgens die teorie my
2141 antwoord saamstel. Maar in 'n chatroom het jy nie tyd om na die teorie te gaan nie. Dit
2142 moet dan al deel van my wees, so dis die cherry op die koek. Dan lei jy jou dosente. As jy
2143 nou rêrig wil weet op watter stadium het die student die werk onder die knie — is dit na een
2144 eenheid, 'n module, wanneer, is wanneer jy 'n discussion inbring, want dan moet hulle praat
2145 daaroor en hul standpunt verdedig. En hulle moet genoeg weet om ander te kan evalueer
2146 en van hulle te kan verskil of saamstem. En dis 'n manier waarop jy studente motiveer,
2147 want dan leer hulle. Hulle leer ook om seker te maak hulle behou face value voor ander
2148 studente wat 'n baie belangrike motiveringsbeginsel is. So dan ... soos hulle sê, jy smokkel
2149 'n bietjie met hulle brein, want hulle kom nie agter jy dwing hulle om te gaan leer nie of om
2150 die werk onder die knie te kry nie op 'n meer hoër kognitiewe vlak. Want jy weet self, om 'n
2151 taak te doen, is easy. Om 'n toets te skryf, is bietjie moeiliker, maar dit beteken nie daai
2152 teorie, daai kennis is deel van jouself nie. Dis wanneer jy daaroor praat en jouself kan
2153 beredeneer dan eers is jy op 'n baie hoër ... dan kan jy sê dis deel van my.

2154

2155 A: The internalisation/externalisation that you are referring to happens on more than one
2156 level. It happens in the head of the learner, but it also happens in the head of the
2157 instructional designer preparing the learning environment and also the lecturer preparing the
2158 learning environment.

2159

2160 C: Ja, dis die vooruitskatting en gut feeling waarvan ek netnoumaer gepraat het. Dis
2161 hoekom dit so belangrik is dat jy moet uitvind by die dosent voor die tyd wat is dit ... en selfs
2162 die dosente sukkel om vir jou te sê wat is dit nou eintlik wat hulle vir die studente wil leer.
2163 Hulle wil 'n klomp teorie op die studente afgooi sonder om dit deur te dink wat ek ek nou
2164 eintlik vir my studente leer. Dis waar die OBE inkom. Dan moet jy hulle help om deur daai
2165 proses te werk. Maar, wat wil jy eintlik vir jou studente leer? Wat is die crux van die storie?
2166 Om dit uit te trek en dit in te voer by jou discussion byvoorbeeld of by jou chatroom of by jou
2167 take of wat ookal die geval mag wees.

2168

2169 A: You have mentioned three things, if I understand you correctly, that I have picked up.
2170 That is, back to you as the instructional designer (ID) and your personal teaching and
2171 learning philosophy, that there should be an element of reason, of logic that traces back to
2172 the theory. But you have also mentioned intuition, a gut feel, about things that work and
2173 what you have experienced in the past. But a third element you mention, which I hope I'm
2174 picking up correctly, is reflecting on what you do. To stand back and to think why is this
2175 working or not working? How can I adjust it? Can I use it again? How do you feel about
2176 those three things that I have mentioned? Reason, intuition and reflection as qualities of an
2177 instructional designer?

2178
2179 C: Dit is so. Dit vorm as 'n geheel. Daar mag dalk nog faktore wees, maar daai is
2180 definitief van die faktore. As ons byvoorbeeld die dosente oplei, dan moet hulle 'n
2181 evaluerings... assesseringsvorm aan die einde invul. En almal sê baie goed. En dan tel jy
2182 op daar is party wat net goed is. Byvoorbeeld een wat ek opgetel het hulle moet sê het
2183 hulle vaardighede verbeter na die opleidingsessie. Ek het opgetel dat dit net goed is en nie
2184 baie goed nie. Toe het ek begin op te let. Toe wonder ek nou ... Ekskuus dis nou my seun.
2185 (Interruption — cell phone). Hoekom het hulle vaardighede nie verbeter nie, maar ek weet
2186 dit het. Hoekom dink hulle so. Dan die volgende opleidingsessie sal ek hulle dophou. En
2187 toe kom ek agter 'n tipe van storie. Toe't ek byvoorbeeld 'n grid gaan saamstel — soos jou
2188 uitkomst. Toe gaan stipuleer ek vir hulle uit, kan jy byvoorbeeld 'n attachment doen op
2189 Edulink? Weet jy hoe om in 'n chatroom te praat? Weet jy die en dat? Toe's hulle
2190 antwoorde nee. Toe wys ek nou vir hulle wat's hulle vaardighede wat hulle nie weet nie. En
2191 toe kon hulle skielik sien nou aan die einde. Maar aan die einde is dit als ja's. Aan die
2192 begin was dit als nee's. En toe's als baie goed. Nou is hulle tevrede dat hulle vaardighede
2193 opgetel het. Verstaan jy nou. Dis nou iets kleins. Dis waar die refleksie inkom. Jy gaan
2194 kyk na al jou terugvoere en dan tel ek op maar al die goed gradeer hulle my ek het so goed
2195 klas gegee. Ek is so dit, ek is so dat, maar net daai ding. Dis net goed. Dis nie baie goed
2196 nie. Maar ek weet hulle vaardighede het baie opgetel. So iewers is daar iets fout. Met
2197 ander woorde hulle antwoord die vrae nie korrek nie, of dis nie reg gestel nie of hulle weet
2198 nie wat die vraag impliseer nie. En dis wat dit was. Hulle het nie geweet wat die vraag
2199 impliseer nie en hulle het nie geweet wat hulle nie weet nie. Dan spel ek vir hulle uit dis wat
2200 jy nie weet nie en kan jy nou sien. Daar's die probleem opgelos. Ek het niks aan die
2201 aanbieding verander nie. Al wat ek gedoen het, ek het hulle net bewus gemaak van die
2202 vaardighede wat hulle nie het nie.
2203

- 2204 A: OK. I want to ask you on that. Now that you have corrected or addressed that
2205 difficulty, do you think that you would have been able to if you didn't have an educational
2206 and ID background or ... (interrupted)
2207
- 2208 C: Ek sal nie sê dis onmoontlik nie, maar omdat jy so gewoon is in die onderwys om
2209 altyd te reflekteer was jou klasgee suksesvol. As dit nie was nie, was daar iets fout. Waar
2210 moet jy verbeter? Ek bedoel selfs as jy daardie selfde klas aanbied vier, vyf, tien jaar, jy
2211 bied hom nie eenkeer dieselfde aan nie, want jou groep is anderste. Hmm ... elke keer is
2212 daar aanpassings en verbeterings. So, dit is deel van jou onderwysagtergrond. En ek dink
2213 nie iemand wat 'n onderwysagtergrond het, gaan noodwendig bewus wees daarvan nie. Ek
2214 sê nie hulle gaan dit nie doen nie, want baie mense het 'n natuurlike aanleg om onderwyser
2215 te wees, nê. Hulle hoef nie boekekennis te hê nie. Hulle het 'n natuurlike aanleg. So ek sal
2216 nie sê dis 'n moet nie, maar die kans is baie skraal as jy nie 'n onderwysagtergrond het dat
2217 jy dit sal opgetel het. Dis wat ek sê. Tensy jy 'n uitstekende natuurlike gebore onderwyser
2218 is wat wel kan gebeur.
2219
- 2220 A: Specifically yourself now. If you now have to reflect what you have done in that
2221 situation, you traced it back to your knowledge background and you used that in your
2222 personal view on teaching and learning to address an issue and to assist other people.
2223
- 2224 C: Ja, tipe van storie.
2225
- 2226 A: One thing that I still want to ask is: Do you think that every ID, in a smaller
2227 community like this Higher Educational Institution, but also larger communities such as IDs
2228 working at Tukkies or UNISA, or internationally, ... do you think that individual IDs should
2229 have a personal teaching and learning philosophy? Or can we do our jobs without it?
2230
- 2231 C: Wanneer - dis die problem - word dit eie persoonlike filosofie? Watter eie
2232 persoonlike filosofie? Op watter stadium sê jy nou's dit my persoonlike filosofie? Dis nie
2233 wat die staat sê nie; dis nie wat my werk sê nie. Daarom is dit baie moeilik. Ja, op die
2234 einde van die dag moet 'n ou self besluit wat werk en wat werk nie. Dis maar waar die
2235 persoonlike filosofie inkom, sal ek sê. Wanneer word dit persoonlik? Wanneer word dit
2236 gehoorsaam-wees wanneer dit voorgeskryf is?
2237
- 2238 A: I see. But you obviously have a view based on your knowledge background and
2239 your experience?
2240

- 2241 C: Ja, verseker.
2242
- 2243 A: Hmm ...
2244
- 2245 C: Maar nie 'n view wat dan nie verander nie.
2246
- 2247 A: Yes, not fixed as we have established. The way that you think of yourself doing this
2248 job — do you think that every ID should have that personal view on teaching and learning to
2249 do their jobs?
2250
- 2251 C: Ja, verseker. Daar's nie 'n ander manier nie. Elke ou het mos maar sy persoonlike
2252 Jy kan mos nie die twee skei nie.
2253
- 2254 A: OK.
2255
- 2256 C: En wanneer sal hy 'n student wees vir die res van sy lewe? Op 'n stadium moet hy
2257 besluit wat werk vir hom en wat nie. As jy student is, begin daai persoonlike filosofie al te
2258 vorm.
2259
- 2260 A: How do you separate theory from your personal view on teaching and learning?
2261
- 2262 C: Dit doen jy nie. Dis 'n onwillekeurige proses. Jy dink nie daaroor nie.
2263
- 2264 A: OK. Do you say the two become so integrated that, after a while, the one becomes
2265 the other?
2266
- 2267 C: Ja.
2268
- 2269 A: Is there perhaps anything else you would like to say about your personal teaching
2270 and learning philosophy?
2271
- 2272 C: Nee. Is jy OK met daai data?
2273
- 2274 A: Ja, dankie.